Sunwardpark Gemeenskapskerk
'n Bybelse Gemeenskap passievol vir God-Drie-enig en die mense

nuus@sunwardpark

Gemeenteblad: 2012 nommer 1 H/v Mossie & Jaguar strate

Sunwardpark, Boksburg
Kontaknommer: 011896 5024

Waarvoor staan ons as Sunwardpark Gemeenskapskerk?



HERE, wat wil U hê moet ons doen? Waarvoor wil U hê moet ons as gemeente staan?

In 2004 gaan kuier ons by die Here se voete en gaan hoor wat Hy vir ons gemeente wil hê. 'n Gemeenskapskerk word gebore waar ons besef ons bestaan nie net vir gemeentelede nie, maar vir almal om ons en dat ons as gemeente 'n verskil in ons daaglikse lewenswêreld moet en wil maak. Ons vestig ons 6 "Gs" met hulle stawende teksverse as volg:

GROEI - 2 Petrus 3: 18
"Sorg liewer dat julle steeds groei in die onverdiende goedheid en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus."

GEE – 2 Korintiërs 8: 5
"...eers het hulle hulleself aan die Here gegee, en toe aan ons sodat hulle kon optree volgens die wil van God."

GAAN – Matteus 28: 9 – 10
" Gaan dan, maak al die nasies my dissipels en doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Leer hulle om alles te gehoorsaam wat Ek aan julle opgedra het..."

GAWES – Romeine 12: 6 – 8
"Ons het gawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. Ons moet hierdie vermoëns reg gebruik..."

GROEPE – Handelinge 2: 46 "Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaar gekom en van huis tot huis die maaltyd van die Here gevier..."

GENADE – Efesiërs 2: 8- 10 "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God..."

Vir die volgende paar jaar dien elk van die bogenoemde "Gs" as 'n jaartema. Verskillende bedieninge ontstaan in hierdie tyd en groei met die seën van ons Here.

Tydens 2010 en 2011 gaan ons as gemeenteraad en gemeente weer voor die Here staan om te besin waarheen ons oppad is. Ons bevestig God se droom vir ons gemeenskapskerk. Ons besef weer die noodsaaklikheid dat ***GEBED*** die fondament moet vorm van alles wat ons doen en is. Die Heilige Gees bevestig die 6 "Gs" en dat dit ons steunpilare moet bly. Alles gaan oor God Drie-enig se eer en heerlikheid.

Die eindresultaat?
Ons nuwe roeping stelling: ***'n Bybelse Gemeenskap... passievol vir God Drie-enig en alle mense.***
In 2012 vra ons elkeen:"Here, waar kan ek U en alle mense met passie dien?"

Pieter Botha – Administrasie

Selnommer: 082 453 3856 *E-pos: pietbotha@sanlam4u.co.za*

Ek is in beheer van die Administrasie bediening, wat insluit personeel aangeleenthede, en is ook betrokke by Finansies. Ek is 'n finansiële beplanner al vir 27 jaar lank. Ek hou baie van kamp veral by die see en die wildtuin. Jy sal my elke Desember by Hartenbos kry. My gunsteling Bybelvers is 1 Petrus 1:3 – "Ons wil graag alles wat ons doen, doen tot eer van God en ons doen dit in Sy afhanklikheid".

Jannie Bornman – Getuienisbediening

Selnommer: 082 300 6896 *E-pos: jan.bornman@imfuyo.com*

Ek dien op die GR as 'n addisionele lid. Ek het 'n hart vir die vervolgde kerk en ondersteun spesifiek die Getuinisbediening. Ek het die gawe van geloof om dinge te glo of tesien waarvan die Here my oortuig. As jy bemoediging en ondersteuning nodig het is ek die een om te kontak. Ek het twee seuns en Marina is my geliefde vrou wat ons gesin saambind soos net 'n ma kan. Ek werk as 'n elektroniese ingenieur in die spoornet industrie.

Lampies Enslin – Jeug

Selnommer: 082 568 5564 *E-pos: Lampies@efoconsulting.co.za*

Ek is deel van die GR om deel te hê aan die bedrywighede en groei van ons gemeente uit die jeug se perspektief. Ek is 'n operasionele fasiliteerder in die lugvaart en het my eie besigheid EFO Consulting. My gunsteling plek is langs my vrou en kind, en dan as dit by die see is nog beter - daar kry ek insig en voel 'n spesiale nabyheid met my Skepper. My gunsteling bybelvers is Filippense 4:4-6 "Wees altyd bly omdat julle Christene is.... "Ons jeug selgroep se visie is om meer aktief uit te reik na ander jongmense en om die ware krag van gebed te ontgun by ons tieners. Ons probeer hulle ook ondersteun met dinge soos hulle toekomsplanne en besluite wat hulle moet neem.

Petro Van der Schyff – Kinderkerk

Selnommer: 083 357 6437 *E-pos: petrovds@hotmail.com*

My portefeulje op die GR is as bedieningshoof van die Kinderkerk. Ek is nog nuut in die posisie, maar die Kinderkerk lê my baie na aan die hart. Die visie vir die Kinderkekbediening vir 2012 is die volgende: *Uit werk en kreatiwiteit word arbeidsvreugde en arbeidstrots gebore, sodat die Kinderkerk kanuitbrei en sterk groei tot 'n sieraad in die gemeenskap.* As pas afgetrede onderwyseres was die opvoeding en bemagtiging van kinders nog altyd my grootste passie. My tuin is my gunsteling plek, ondern goot ou koeltebloom waar ek dagdroom, my kop skoon maak, planne beraam, hartseer verwerk en waar ek baie na aan my Skepper voel. "Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan." – Josua 1:9, is 'n belofte van God waaraan ek elke dag vashou.

Steve Koekemoer – Projekte

Selnommer: 082 572 3065 *E-pos: skoekemoer@tellumat.com*

Ek is 'n diaken en is betrokke by spesiale projekte, insluitende strategiese beplanning. Ek het 'n passie vir mense rondom my en help graag met die toerus op hulle lewens pad om die grondpad so bietjie minder stamperig te maak. Ek is hier om te dien, vrygekoop deur God. Ek het 'n pragtige familie en spandeer graag tyd saam met vrouliefie en ons pragtige twee tieners. Psalm 124:7 beteken vir my baie: "Ons is bevry soos 'n voël uit die wip van 'n voëlvanger; die wip het gebreek en ons is vry!" Die Here het my die lewe as geskenk gegee, my geskenk aan Hom is hoe ek dit gebruik.

Elkeen van die bedieninge en GR verteenwoordigers het mense nodig om hulle met hulle taak te help. Maak gerus kontak met die GR lede en skakel sommer dadelik in by 'n bediening om ons te help om ons roeping as gemeente prakties uit te leef. Raak betrokke asb!

Hoogtepunte in die 1ste kwartaal

Week van Gebed – 23 – 26 Januarie

Vrouekamp: 17 tot 19 Februarie –
Bespreek so gou moontlik by die kerkkantoor!

Wêreld Biddag vir Vroue – 2 Maart

Wêreld Biddag vir Mans – 3 Maart

Ons gemeente tema's vir 2012:

Ons jaartema is "Passie vir God".

Die kwartaaltema's is soos volg:

1. Love and Evil (liefde en boosheid) – So lief het God...
2. Rescue (redding) – Dat Hy ons gered het...
3. Choice (keuse) – Sodat ek kan kies...
4. Restore (herstel) – Ek is herstel...

Ons gemeente se leraars

Dr Bernard Coetzee

Selnommer: 082 454 3413 *E-pos: bernard@sungem.org*

My droom vir Sunwardpark Gemeenskapskerk is dat elke lidmaat lewers ingeskakel sal wees en dat ons 'n veilige hawe sal bied vir elke soeker na 'n geestelike tuiste. My passie is prediking en berading. Ek is ook verantwoordelik vir Onderlinge Sorg en die Lidmaatbediening. My gunsteling plek is Loftus natuurlik... want dit is die tuiste van die Blou Bulle!!! My gunsteling Bybelvers is Jesaja 43: 1 – 3 "...moenie bang wees nie, want Ek het jou verlos. Ek het jou by die naam geroep, Jy is Myne...". Die hoogtepunt van my week is die Vrouebybelstudie op 'n Woensdagoggend.

Ds Gerrit Visser

Selnommer: 082 757 9880 *E-pos: gerrit@sungem.org*

As jeugleraar in die gemeente is die nuwe generasie gelowiges my verantwoordelikheid wat insluit al die kinders, tieners en jong volwassenes. Elkeen van hierdie bedieningsareas het sub-bedieninge met die doelwitte en visies, maar wat tog moet saamwerk as 'n geheel. Daar was al baie Bybelverse wat my gedra het deur verskillende tye in my lewe. Op hierdie oomblik put ek die meeste energie uit Esra 8:4 "Ons laat die saak in u hande. Ons ondersteun u. Staan op, pak dit aan, en doen dit." Dit spreek baie van wat dit beteken om 'n leier te wees. Die mooiste plek op aarde waar ek al was, is die Serengeti Nasionale park met wye vlaktes vol wild. In 2012 will ons meer geleenthede skep vir kinders en ouers om mekaar te leer ken en mekaar te dien met die evangelie. 'n Gemeenskap kan net sterker word as sy gesinne sterker word.

Ds Leon Sinclair

Selnommer: 082 902 9939 *E-pos: leon@sungem.org*

My persoonlike visie en vers hierdie jaar is Jeremia 29:11-13 "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here; voorspoed en nie teenspoed nie; Ek will vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!....dan sal julle My aanroep, tot My bid, en Ek sal julle gebede verhoor." Ek gaan hierdie teksgedeelte elke dag vir die gemeente bid..seen vir 2012!!! My gunsteling plek is Gentana - dit is soos my 2de huis - en dan natuurlik is ek baie lief vir die Wildtuin...onthou alles het begin in 'n tuin!! Ek is baie opgewonde oor 2012 en glo dat die Here groot dinge vir en deur ons will doen. Ek will elkeen uithnooi: Moenie op die kantlyn sit nie, word deel van hierdie vreugdevolle span!

Ds Nico Grobelaar

Selnommer: 082 448 4299 *E-pos: grobbies@icon.co.za*

Ek is Tentmaker binne die gemeente en ook veral betrokke by die Woordbediening. Ons visie met hierdie bediening is om die erediens 'n Goddelike belewenis te maak. Ek is ook so tussen die konstruksiebedryf - waar ek huise bou en aanbouings doen - en die motorbedryf - koop en verkoop van tweedehandse motors. Ek het sowat ses maande gelede ernstig geraak t.o.v fotografie en will graag studio en trou foto's neem. My gunsteling plek is die Krugerwildtuin. My droom vir die gemeente is dat ons waarlik die gemeenskap sal dien en dat ons nuwe lidmate sal bykry - nie net lidmate van ander kerke nie, maar mense wat die Here vir die eerste keer in hulle lewens ontmoet. Ek will daarom graag fokus op diegene wat die Here nie ken nie.

Ontmoet ons Gemeenteraad (GR)

Kokkie Herman – GR Voorsitter & Finansies

Selnommer: 082 774 5578 *E-pos: kokkie.herman@gmail.com*

Ek dien as Voorsitter van die GR en is ook in beheer van die Finansies Bediening. Inlg hou ons boek van ons gemeente se finansies, stel die jaarlikse begroting en finansiële state op, sorg dat alle rekeninge betaal word en staan die bediening by met hulle finansies. Ek is deel van Rates Watch (Pty) Ltd, 'n maatskappy wat individuele eienaars landswyd help om waardasies vir eiendomme daar te stel en dan korrekte munisipale bydraes te betaal. Ek is verantwoordelik vir bemarking, rekonsiliasies, aankope, en kliëntediens. My gunsteling teksvers is Matteus 7:7 "Vra en vir julle sal gegee word, soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word." My gunsteling vakansie huis is met 'n karavaan lewers met my gesin, maar my huis is my huis. My wens vir al ons lidmate en bedienings is dat ons 2012 'n jaar maak waar ons werklik ons passie vir God sal herontdek en dit prakties uiteef.

Laurentia Truter – GR Onder-voorsitter & Vrouebediening

Selnommer: 083 274 7402 *E-pos: employment@truter-1.co.za*

Ek dien as Onder-voorsitter van die GR en is ook voorsitter van die Sherna-Shamar Vrouebediening (Vroue wat hoor en doen wat die Here se will is). Lg bediening is so 3 jaar terug gebore uit 'n wens om vroue te bedien sodat hulle hulle waarde in Christus sal besef en sal uiteef elke dag. Ons het 'n wonderlike bedieningspan waar elkeen passievol is om ander vroue te dien. Ek het my eie konsultasie praktyk en spesialiseer in arbeidsreg en personeelverhoudinge. Europa met al sy geskiedenis hou vir my 'n spesiale bekoring in. Jeremia 29:11 - 12 beteken vir my baie "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here... voorspoed en nie teenspoed nie. Ek will hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê. Julle sal na My roep en kom bid. Ek sal na julle luister". Ons ken nie die pad vir 2012 nie, maar ons ken ons Gids.

Christa Laing

Kontaknommer: 011 896 3017 *E-pos: christa@sungem.org*

Ek is die Gemeentebestuurder en my pligte in kort behels administratiewe ondersteuning aan die lenaars, kerkkantoor en bedienings; die finansiële en administratiewe bestuur en koördinering van bedieningsaksies; gemeente strategiese beplanning; personeel- en multi-mediabestuur asook batebeheer en instandhouding. My gunsteling plek is by die huis met my man en kinders om my. Ons eet saans almal saam aan die etenstafel en dan word daar gesels en gelag oor die dag se gebeure. "n Bybelvers wat my baie na aan die hart lê is Filippense 4:13 " Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee". My visie vir ons gemeente vir 2012 is dat ons almal nader aan God sal beweeg, Hom sal ken in al ons weë en liefde vir ons naaste sal uitstraal.

Titia Bester

Kontaknommer: 011 896 5024 *E-pos: kantoor@sungem.org*

Ek is die gemeente se administratiewe beampte. My funksie op die GR is om notule te neem. " n Baie moeilike posisie omdat ek net mag luister en nie kommentaar mag lewer nie!! Vir my is die mooiste plek op aarde die Groottrakrivier omgewing in die Wes-Kaap. Veral Hersham met sy 260 trappies tot by die strand. Daar is gereeld dolfyne, veral vroegoggend. 'n Mens voel so na aan God. My Bybel belofte vers wat op die oomblik uitstaan a.g.v. dit wat nou in die wêreld gebeur is 1 Johannes 4:4 "Hy wat in my is, is groter as hy wat in die wêreld is." My gebed is dat die GR op God gefokus sal bly en daar nog baie besluite geneem sal word wat God se koninkryk sal bevorder en uitbrei.

Morné Ras – Getuienisbediening

Selnommer: 082 992 0006 *E-pos: morner@od.org*

Ek is 'n voltydse sendeling betrokke by Geopende Deure in die geslote lande in Afrika. My gunsteling plek sal verseker êrens in Afrika wees, veral die noorde van Ethiopië. Verskeie lede van ons getuienisbediening is ook voltydse sendelinge. Daar word gedurende die jaar meer as 1500 Bybels versprei deur lede van die bediening. 'n Vers in die Bybel wat vir my baie beteken is Romeine 8:3 "Die wet van Moses kon ons nie red nie... daarom het God Sy Seun as mens na ons toe gestuur".Die gemeente gaan hierdie jaar ingelig word rondom wêreld– en plaaslike gebeure, hoe dit ons raak en wat ons daarombtent kan doen. Ons leuse vir die jaar: *Whatever it takes!*

Ben Reicheldt – Groepe

Selnommer: 072 902 3336 *E-pos: benr@thethaniccc.co.za*

Ek is die bedieningshoof vir Groepe en het 'n passie vir omgee omdat jy daardeur werklik die samesyn van gelowiges ervaar. Dan kom die besef dat ons almal broers en susters van mekaar is. Selfs Jesus het 'n omgeegroep gehad naamlik Sy dissipels. Hy het op hulle vriendskap en vertroue geleun en daarop gebou met liefde. Dit is ook my uitgangspunt naamlik dat ons moet nederig bly, mekaar aanvul en bemoedig om geestelik te groei. As stelyn gebruik ons bediening Romeine 12 en die gemeente se 6Gs. 'n Belangrike vers in die Bybel vir my is Psalm 118: 8 – 9 – "Om by die Here te skuil is beter as om op mense te vertrou". Ek is 'n kliëntediensverteenwoordiger in die motorbedryf.

Ronél Reicheldt – Groepe

Selnommer: 082 357 4954E-pos: bibiscrafts@ballmail.co.za

Ek en my man, Ben, is saam gekies om op die GR te dien. Ben as bedieningshoof van die omgeegroepe en ek om hom by te staan. Ons visie is om elke lidmaat in die gemeente betrokke te kry in 'n omgeegroep. Ek is werksaam by Karbochem (Pty) Ltd wat rubber uitvoer wêreldwyd en is een van die gelukkige dames wat net oggende werk. In die middae is dit vir my heerlik om troukoeke te bak en natuurlik ook om ouma te wees van 4 kleinkinders.' n Bybelvers wat ek elke dag saam met my dra is Efesiërs 6:11 – "Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly...". En dan natuurlik is my gunstelik lied die Oorwinningslied om ons Vader te loof en te prys.

Dietlof Maré – Lidmaatbediening

Selnommer: 082 775 3501 *E-pos: dietlof.mare@shell.com*

Die Lidmaatbediening, waarvan ek hoof is, is hoofsaaklik verantwoordelik vir verwelkoming by die deure tydens die oggendienste, kollekte opname, Nagmaal bediening, die Kreatiwiteitsgroep asook ons gemeente se kommunikasie wat insluit ons webblad en die Ligstraal. Ek werk al 42 jaar vir Shell Petroleum en is 'n Beroepsveiligheidskonsultant vir 18 lande noord van die Limpopo, insluitend Mauritius, Madagaskar en die Kaap Verdiese Eilande. My gunsteling plek is enige wildtuin waar ek wilde diere in hulle natuurlike omgewing kan sien. Vir my is 2 Korintërs 4: 7 - 9 baie belangrik - " Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie..."

PixieViljoen - Onderlinge Sorg

Selnommer: 083 273 5876 *E-pos: pviljoen@consol.co.za*

Ek is onlangs bevestig as bedieningshoof vir Onderlinge Sorg. Ek hoop en vertrou dat ons in 2012 nogmeer mense sal kan help en ondersteun in verskillende behoeftes wat hulle mag hê. Dit kan alleen gedoen word deur God se Genade en die gemeente se hulp. Daar is verskeie maniere hoe gemeentelede betrokke kan raak by die bediening se werksaamhede en ons het mense nodig om Jesus se hande en voete te wees. Ek hette veel gunsteling Bybelverse met elk sy eie spesiale betekenis om een te kan uitsonder! Ek weet God se liefde is groot.

Susan Calitz – Oude Jeug

Selnommer: 084 505 6386

Ek is 'n diaken verantwoordelik vir die Oude Jeug en is baie lief vir ons bejaarde gemeentelede. Ek besoek ook nuwe intrekkers in ons gemeente. Israel as land lê vir my baie na aan die harte en dit is 'n baie spesiale plek om te besoek. Ek skilder graag - veral plekke wat ek al besoek het. My gunsteling teksvers is Filippense 4:4 "Wees altyd bly in die Here. Ek herhaal: Wees bly!". Ek glo mens moet elke dag barmhartigheid, liefde en sorg betoon teenoor mense op jou pad.